

# HIER KOM 'N DING OP AANDELEMARKTE



Dawie Roodt—Libertyn, Sondag 05 April 2015

Libertyn is nie veronderstel om te tegnies te wees nie. Die idee is om kommentaar te lewer oor die ekonomie en die finansiële markte en 'n bietjie oor politiek.

Daarom probeer ek sover moontlik om die tipiese ekonomiese jargon te vermy, maar vandag wil ek oor die waardasies op die finansiële markte wêreldwyd skryf en dit vereis ongelukkig dat 'n paar tegniese terme gebruik moet word – maar ons gaan dit maklik maak!

Die kapitaalmark is verreweg die grootste en mees likiede mark in die wêreld, en ek dink ook die slimste van al die markte. Die kapitaalmark (bond market) is die mark waar lande (regerings) en groot instellings soos groot banke geld leen.

Ander groot instellings soos pensioenfondse verskaf die geld wat in die kapitaalmark geleen word. Tipiese kapitaalmark-instrumente is staatseffekte (wat in Brittanje gilts, in Duitsland bunds en in Amerika treasury bills (TB's) genoem word).

Anders as byvoorbeeld aandele, word kapitaalmarkinstrumente nie in prys gekwoteer nie, maar in opbrengskoers (yields).

Wat ook redelik verwarrend kan wees is dat indien die opbrengskoers van 'n kapitaalmark-instrument daal, dan styg die prys, en andersom. Dus, 'n baie lae opbrengskoers dui op 'n "duur" instrument.

Tans verhandel die Suid-Afrikaanse staatseffek, die R186, teen 7,69%. Dit beteken as jy vandag sowat R1 miljoen bestee om een R186 te koop, jy in die volgende klompie jaar 'n opbrengs van 7,69% per jaar sal ontvang.

Die mees likiede kapitaalmark-instrument in die wêreld is die Amerikaanse tienjaareffek wat tans teen 1,86% verhandel. 'n Ander voorbeeld is die Switserse 10 effek wat teen -0,11% verhandel. Jy moet die Switsers betaal vir die voorreg om aan hulle geld te leen!

'n Hele spul ander effekte verhandel ook tans teen 'n opbrengskoers van minder as 0%!

Dis die probleem. Wêreldwyd is langtermynrentekoerse (opbrengskoerse) vandag op rekordlae vlakke, wat ook beteken dat kapitaalmarkinstrumente baie duur is. Dit ten spyte daarvan dat baie lande rekordhoë vlakke van skuld het. Teoreties behoort rentekoerse - hoër te wees as skuld hoog is, en teoreties is effekte nie veronderstel om teen minder as 0% te verhandel nie!

Wat is die redes vir hierdie baie vreemde stand van sake? Een rede is dat die (grootste deel van) die wêreld vandag dalende inflasie of deflasie ervaar, verder het sentrale banke korttermynrentekoerse tot rekordvlakke verlaag, soms onder 0%, en laastens koop van die groot sentrale banke self kapitaalmarkinstrumente.

Die gevolg is dat kapitaalmark-instrumente se pryse styg, wat

opbrengskoerse "afdruk" – dit staan bekend as kwantitatiewe verruiming (quantitative easing).

Ek is bevrees hierdie optrede van sentrale banke het die finansiële markte baie ernstig verwing.

Die kapitaalmark is 'n tipiese bate (bateklas) waarin beleggers belê. Die ander bateklasse is die geldmark, genoteerde eiendom en aandele. Deurdat sentrale banke die pryse van twee van die bateklasse, die geldmark en die kapitaalmark, so hoog opgedruk het, het die ander bateklasse se pryse ook gestyg tot heelwat hoër as wat andersins die geval sou wees.

Baie lae opbrengskoerse op die kapitaalmark het beleggers aangemoedig om meer risiko te neem en om in ander bateklasse soos in die aandelemarkte te belê. Daarom is baie aandelemarkte vandag op rekordvlakke, ten spyte daarvan dat hul onderliggende ekonomieë swak presteer.

Aangesien wêreldwye rentekoerse reeds so laag is en in baie gevalle selfs laer as 0% is, kan monetêre beleid nie veel meer doen om finansiële markte te ondersteun nie.

Gevolglik sal aandelebeurse op hul eie verdienvermoë moet staatmaak om hul huidige duur pryse te regverdig.

Indien ekonomiese groei dus teleurstel, is daar net een rigting vir aandelebeurse, en dit is af!

Sentrale banke se beleid het in groot mate daartoe bygedra dat aandelepryse wêreldwyd onrealistiese vlakke bereik het.

As 'n nuwe krisis êrens ontstaan of as ekonomiese groei teleurstel, kan aandelebeurse skerp daal, en dié keer kan sentrale banke nie veel daaraan doen nie. Dit is waarom ek dink sentrale banke sal baie traag wees om rentekoerse te verhoog, want dit sal heel moontlik die aandeleborrel laat bars.

Dit is 'n belegger se dilemma, waar om te belê?

Die probleem vir batebestuurders vandag is soos iemand wat moet kies tussen vier susters. Ongelukkig is al vier baie lelik. Die beste keuse sal wees om die maklikste een te kies, maar môreand kan dit een van die ander wees.

Batebestuurders speel 'n relatiewe speletjie om die beste onder al die bestaande onaantreklike beleggings te kies.

Ek dink die Amerikaanse tienjaar TB's kan dalk vir ons voorafwaarskuwing gee.

Hou dit dop, wanneer die opbrengskoers op die tienjaar TB sowat 1,5% of laer is, wees dan baie versigtig vir aandelebeurse!

 Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group. Kontak gerus vir Dawie op [dawieroodt@efgroup.co.za](mailto:dawieroodt@efgroup.co.za)

t: +27 (0)12 460 9580 f: +27 (0)12 346 6135 e: [info@efgroup.co.za](mailto:info@efgroup.co.za)

Delyweg 81, Hazelwood, Pretoria, 0081 Suid-Afrika

[www.efgroup.co.za](http://www.efgroup.co.za)

Vrywaring: Alhoewel alle maatreëls getref is om die akkuraatheid van die brosjure-inhoud te verseker, aanvaar die Efficient Group Bpk. geen aanspreeklikheid vir enige weglatings of of foute hierin vervaar nie. Die inhoud van hierdie dokument moet nie as finansiële advies beskou word nie. Efficient Group Bpk. behou die reg om die inhoud van hierdie dokument sonder vooraf kennisgewing te verander.

Volg ons op   